**PSALM 6**

**KERNVERS: PSALM 6:5**

**DS D J DYKSTRA**

Geliefdes, ek hou weer vers 5 aan u voor, ons gaan met die Here se genade kyk na die hele psalm maar vers 5:

> "Keer terug, HERE, red my siel; verlos my om u goedertierenheid ontwil."

Geliefdes in onse Here Jesus Christus, ons staan nou al vir 'n geruime tyd stil by die Wet van die Here en soos wat ons telkemale gehoor het, word die Wet van die Here breedvoerig vir ons verklaar in die kategismus onder die derde deel van ons belydenis. Met ander woorde, onder die deel van dankbaarheid. Die Here wil ons leer deur Sy Wet wat beteken dankbaarheid.

By ons as ons kyk na die drie dele van ons belydenis;

- Die kennis van sonde en elende;
- Van verlossing in Christus; en
- Dankbaarheid wat deur die Heilige Gees in ons gewerk word;

Is dankbaarheid vir ons iets waarmee ons tog blydskap, opgewondenheid en groot vreugde assosieer.

Maar wanneer ons die Wet van die Here hoor soos in ons kategismus verduidelik, dan is daar telkens twee dinge ten minste wat in die Wet van die Here na vore kom en dit is dat Hy sekere sake verbied en sekere sake gebied. Hy sê vir ons

wat ons nie mag nie en Hy sê vir ons wat ons moet. Ons het gesien baie keer is dit op die oppervlakte wat dit vir ons lyk ons nie mag nie en dan wanneer ons nader kyk dan sien ons, maar dit is sake wat indring tot in ons harte, soos die heimlike moord wat ons van gehoor het as daar gepraat word van doodslag.

Daarom onder dankbaarheid, moet ons ook verstaan dat ons baie keer ten diepste oortuig word van ons sonde en elende. Dat dankbaarheid nie altyd maar 'n proses van vreugde en blydskap en jubeling is nie, maar dat dankbaarheid gepaard gaan met die vreesaanjaendheid om met jou eie sonde en met jou eie elende gekonfronteer te word. So is psalm 6. Dawid is gekonfronteer met sy eie sonde. Hy het die wil van die Here gehoor, hy het die Wet van die Here gehoor, want dit is die Wet van die Here wat ons, ons sonde leer. Daarom is dit 'n boetepsalm. Die eerste boetepsalm van sewe. psalm 6; psalm 32 wat ons ken; 38 wat ons ken; 51 wat ons ken; 102; 130; 145.

Dankbaarheid hou met ander woorde ook boetvaardigheid in. Maar wat beteken boetvaardigheid, hierdie boetepsalm, u sal sien die opskrif: 'n Boetepsalm in Groot Benoudheid. Dit is niks anders as boetvaardigheid. Boetvaardigheid beteken dat wanneer jy die Wet van die Here hoor en van jou sonde oortuig is, dat jy tot boete bereid is. Want jy besef dit is myne. Dit is my sonde. Dit is my krisis. Daardie vinger wat ek so

baie keer na ander uitgesteek het, is eintlik die vinger na my en daarom staan ons vandag stil by psalm 6, want wat maak ons as die dominee preek uit die wet en ek skielik so oortuig word van my oortreding van die Wet van die Here. Wat moet ek maak?

Ja geliefdes, die boetvaardigheid is ook die hart van die gereformeerde godsdiens. Ons lees dit in Calvyn se Institusie baie duidelik. Dit is die werk van die Heilige Gees in ons harte. Die werk van berou en bekering en daarom kom die vraag na ons elkeen vanmiddag, wat doen ons met ons sonde. Wat doen ons as ons in God se genade en in Sy liefde oortuig word van wie ons regtig is en van wie Hy is, Sy heiligheid. Dink u daar is sondes waarvoor u gestraf word, as ons oortuig is van ons sonde. Word ons vir ons sondes gestraf? As ons prof. D'Assonville se boekie lees wat die psalms so hanteer en hy hanteer psalm 6, dan is dit die vraag wat hy vra: word ons vir ons sondes gestraf? Word u?

Geliefdes ja, ons word en ja ons word nie. Ons word gestraf vir ons sondes as ons onder straf verstaan kastyding, om gedissiplineer te word. Om tereggewys te word. Om weer teruggebring te word op die regte pad. Maar ons word nie gestraf vir ons sonde in terme van betaling nie. Ons kan nie vir ons sonde betaal nie, al het ons al die geld in die wêreld, het ons nie genoeg geld, het ons nie genoeg vermoë om die bloedskuld van die sonde wat aan ons kleef, af te was of te

betaal of te vergoed nie. Ons kan eenvoudig nie. Ons kan dit dalk verstaan met die beeld van 'n seun of 'n kind wat 'n kosbare vaas wat u in u huis het omstamp en breek met sy onverskillige speletjies in die huis. Die kind word gestraf, nie om vir die vaas te betaal nie, want hy kan nie, maar tot dissipline, vir kastyding, te leer wat dit is om gehoorsaam te wees. Hy dra die gevolge van sy sonde.

Dit is hoe ons Dawid kry hier in psalm 6 as hy sê:

"O HERE, straf my nie in u toorn nie, en kasty my nie in u grimmigheid nie."

Wat sê Dawid hier? Hy sê nie die Here moet hom nie straf nie en hy sê nie die Here moet hom nie kasty nie, inteendeel hy gaan na die Here, die een teen wie hy gesondig het, die een wat hom oortuig het van sy sonde. Die een wat hy deur sy sonde teen gerebelleer het, verontagsaam het, teleurgestel het. Dit is belangrik om raak te sien in die psalm. Dawid gaan na die een wat hy teleurgestel het. Hy gaan na die een wat sê: jy moenie dit doen nie!

Dit beteken hy onderwerp hom aan God se tugtiging. Dit is 'n man wat al gegroei het in die geloof. 'n Man wat besef het maar die Here se straf en die Here se kastyding is vir my goed. Ek het dit nodig. Ek het dit nodig om die Wet van die Here te hoor en al hoe langer en al hoe meer oortuig te word van wie ek is. Maar geliefdes hy gaan na die genadetroon, want hy het die Here leer ken. Dawid is nie net 'n man wat sy

sonde ken nie, maar hy is 'n man wat die Here ken. Hy weet die Here is genadig. Hy weet die Here is lankmoedig, barmhartig. Hy weet die Here breek nie die geknakte riet nie en so gaan hy onderworpe aan die tugtiging en vra dat die Here hom nie in Sy woede sal straf nie. Dat die Here in die uitvoering van sy tugtiging - dit is die straf, nie giftig sal optree nie – dit is die grimmigheid. Ja Here, voer dit uit maar moenie giftig wees nie, moenie tot die dood toe wees nie. Moenie my verskeur nie.

Geliefdes, hoekom kan Dawid - en kom ons vra dan onsself - hoekom kan ons tot die Here nader. Hoekom kan ons ten spyte van my sonde en elende met sulke vrymoedigheid na die Here gaan? Want Hy het Sy toorn en Sy grimmigheid nie van Sy Seun teruggehou nie. Toe Sy Seun aan die kruis gehang het, het Sy Seun nie uitgeroep: straf My nie in U toorn nie en Sy Seun het nie uitgeroep: straf My nie in U grimmigheid nie! Hy het daardie toorn en daardie grimmigheid gedra sodat ons in 'n boetepsalm groot troos kan hoor. Troos dat wanneer jy van jou sonde oortuig is, jy die troon van genade kan nader. Dat wanneer jy so 'n psalm hoor wat so

droewig/

droewig klink, wat so swartgallig klink, eintlik vir jou 'n psalm is wat jy kan gaan lees en nie eers eintlik wil dissekteer nie. Jy wil net dit lees en net hoor en net besef die Here is 'n God van lankmoedigheid ten spyte van wie ek is.

So gaan Dawid aan:

"Wees my genadig HERE, ek is verswak; maak my
gesond, HERE, want my gebeente is verskrik."

Daarmee nader Dawid soos wat ons na 'n dokter toe sal gaan, daar staan: maak my gesond, genees my, moet my net nie in U grimmigheid straf nie, maar as U my straf in terme van tugtiging, doen dit tot genesing. Dit kan ook verstaan word as: herstel my in U guns. Dawid weet hierdie sonde het hom ongunstig by God gemaak. Bewys tog guns aan my. Herstel my in u guns. Daardie twee woorde **genadig** en **gesond** kan ons in daardie lig verstaan.

Ja tugtig my maar in U guns. Dit is net 'n kind van die Here wat so iets kan vra. Tugtig my maar tugtig my in U guns. 'n Kind wat vrymoedigheid het, wat die Here leer ken het as een wat gesond maak, wat herstel. Want, sê Dawid ek is verswak - hy is flou, hy is pap, hy kan nie meer nie. My gebeente is verskrik sê hy. Ek is bevrees en ek is angstig.

Dit is wat die sonde doen, dit is die punt waartoe die sonde ons ten minste in ons lewens moet oortuig tot by die punt van verskrikking, bevrees en angstig, want dan vlug ons na die Here. Ja sê Dawid, my siel is baie verskrik, en U Here

tot hoe lank? Tot hoe lank sal dit tog aanhou? Tot hoe lank sal dit wees totdat ek hoor, maar my sondes is vergewe. Want sien geliefdes, Dawid moet wag. Hy nader tot die Here en dit is reg en dit is wat die Here wil hê en dit is wat die Here van ons elkeen wil hê wanneer ons sy gebooie hoor. Maar hy moet wag. Die Here het nie vir Dawid onmiddellik geantwoord nie. Spurgeon, 'n bekende kommentator ook bekend as die Prins van Prediking het in die vorige eeu gesê oor hierdie woorde:
Ons wat oortuig is van ons sonde, ons weet wat dit is om die minute en die ure en die jare te tel as God Sy genade vertraag.

Geliefdes, God is geregtig om Sy genade te vertraag. Hy staan onder geen verantwoording om wanneer ons ons vingers klap, al kom ons in ware ootmoed na hom, om onmiddellik na ons te luister nie. Maar as Hy dit vertraag, dan doen Hy dit tot ons beswil. Hy wil hê ons moet leer. Hy wil hê ons moet leer hoe voel dit om in daardie sondes te wees en jy besef dit maar jy smag na die Here. Dat ons dit moet leer sodat ons volgende keer as daardie sonde met sy aanloklikheid kom, ons sê: nee, ek het onthou hoe lank het ek gewag op die Here. Net nie weer nie! Ook hierdie woorde: Hoe lank tog, hoe lank, was die bekende woorde van Calvyn. Hy het dit telkemale herhaal: tot hoe lank, Here?

Daarom dan die woorde van vers 5:

"Keer terug, HERE, red my siel; verlos my om U goedertierenheid ontwil."

Here, kom tog weer na my toe. Maak tog 'n einde aan u afwesigheid. As ons die gemeenskap en die nabyheid van die Here gesmaak het, dan is die afwesigheid van God werklik vir ons 'n verskrikking, 'n angs, iets waarsonder ons nie kan wees nie. Dan kom ons tot die besef presies dit wat Dawid hier sê: Red my siel! Red my siel, o Here! Want dit is wat ouderlinge by u moet kom doen en kom vra hoe gaan dit met jou siel. Hoe stel jy jouself voor die lewende God. Hoe verlustig jy jouself voor die lewende God. Hoe juig jy in die lewende God: Loof o my siel en alles wat binne-in my is, Sy heilige naam, soos wat ons gehoor het psalm 103 by die nagmaal.

Maar geliefdes, Dawid beroep hom hier: verlos my om U goedertierenheid ontwil. Hy beroep hom op die goedertierenheid van die Here. U sal sien die hele psalm is deurspek van Here, Here, Here. Jahweh, die Verbondsgod, die ene met wie hy in verhouding staan. Die Here wat sy verbond met hom oprig en nou roep Dawid tot die Here om verlossing op grond van hierdie goedertierenheid en die goedertierenheid is die verbondstrou en die verbondsliefde van die Here. Hy sê: ja Here, ek weet ek het teen U wil gehandel. Ek weet ek het U verbond verbreek. Maar verlos my om U goedertierenheid ontwil en dit beteken: hou U U verbond in stand. Bly U tog by

U verbondsliefde al het ek dit verlaat, al het ek dit verbreek. As die verbond van my en van u moet afhang, dan sou daar niks van kom nie, maar hierdie is ons elkeen se pleitroep! Om U goedertierenheid ontwil hou U dit in stand, wees U tog my God soos wat U gesê het U sal wees. Neem Uself nie van my weg nie. Neem U liefde nie van my weg nie.

Geliefdes, die Here se verbondstrou het tot ons gekom in sy uiterste en in sy vervulling in Sy Seun. Die Here se verbondstrou is aan ons bewys deur Sy geliefde Seun Jesus Christus, wat die verbond vervul het, dat ons vandag kan roep: verlos my om die bloed van U Seun ontwil. Sodat daar in hierdie psalm vir ons troos is, wonderlike troos. Waaroor gaan dit vir Dawid, vers 6? Dit gaan oor die eer van die Here vir hom.

> "Want in die dood word aan U nie gedink nie; wie
> sal U loof in die doderyk?"

Hy weet sy sonde ontneem die Here Sy eer en hy weet as die Here hom weer in guns herstel, as die Here hom weer op die weg van geregtigheid plaas, dan sal die Here Sy eer kry. Want in die doderyk, as die Here hom sou verskeur sou daar geen stem opgaan om Hom te loof nie.

Geliefdes, vers 7 en 8 gee vir ons Dawid se laaste woorde voor die wending in hierdie psalm in vers 9 tot 11.

Vers 7 tot 8 beskryf Dawid wat die sondetoestand veroorsaak. Hy sê:

> "Ek is moeg van my gesug; elke nag laat ek my bed swem; ek deurweek my bed met my trane."

Dawid sê hy is moeg hiervoor. Here, ek weet ek is verkeerd. Ek weet ek moet kasty word. Ek beroep my op U trou want ek kan nie meer nie. Ek is moeg van my gesug. Met ander woorde vir die gesug beteken ek is in fisiese benoudheid. Ek huil aande om omdat ek die Here mis. Omdat ek U teenwoordigheid verbeur.

In vers 8 sê Dawid 'n wonderlike ding, hy sê:

> "My oog het dof geword van verdriet; dit het swak geword vanweë al my teëstanders."

Dit beteken hy, as hy sê sy oog het dof geword, beteken dit hy het die slytasie van die sonde beleef. Dit is, die Engelse woord *sandblasting* nè, wanneer jy met sand goed grof maak. Die glans is af. Die glans van my oë, met ander woorde die blydskap en die vreugde is my ontneem! Ek is verslyt. 'n Mens kan nie meer aan my sien dat ek bly is nie.

Maar geliefdes, u moet verstaan dat ons hierdie dinge moet deurgaan. Ons weet ons wil dit nie hê nie maar dit is nodig dat selfs iemand soos Dawid dit moet kan sê, hy sê dit nie net omdat dit net met hom gebeur nie, hy sê dit omdat dit met elke kind van die Here gebeur, party langer en party

minder. Spurgeon sê ook dit is geen ligte saak om jouself as 'n sondaar te beleef, veroordeel deur die Heilige God nie.

Maar Dawid eindig vers 8 met 'n woord **teëstanders**. Hierdie woord **teëstanders** is in ons vertalinge 'n selfstandige naamwoord in die meervoudvorm. Maar in die Hebreeus is dit 'n deelwoord, dit is 'n werkwoord. Hy word hier so vertaal, dit is mense wat jou vasmaak. Dit is wat hierdie woord **teëstanders** beteken. Vasgemaak sodat jy nie die Here kan leer nie. Sodat jy Hom nie kan volg nie. Maar dit is wat die sonde doen. Sonde vang jou in 'n wip en hy lê jou aan bande. Jy kan in die kerk wees, jy kan allerhande dinge doen maar jy kan nog steeds gebind wees deur die sonde.

Maar geliefdes, wie is die teëstanders? Wie is hulle wat ons bind? Ons bely dit, dit is die wêreld, dit is die Satan en dit is ek, dit is u. Die teëstanders is nie net hulle daar ver nie. Dit is tot hier binne-in my en as ons dit besef want as ons nog nie ons werklike sonde en elende besef het volgens psalm 6 nie, dan het ons hom nog nie binne gesien nie. Dan wonder ons dalk nog wat is dankbaarheid. Maar as ons dit besef dan is hierdie woorde vanaf vers 9 vir ons vreemd:

> "Gaan weg van my, al julle werkers van ongeregtigheid..."

Gaan weg van my! Dirk, gaan weg van my, Satan, wêreld. Want sien geliefdes, ons kan nie die Here nader in ware berou en in ware bekering en ek wil nog in myself en aan die wêreld

en aan die Satan – veral wat dit beteken – vashou nie. Wanneer ons die Here nader soos wat Dawid hier nader dan moet die teëstanders opsy staan. Daar is nie plek vir die Satan en vir die wêreld en vir my oumens tussen my en God nie.

> "Gaan weg van my al julle werkers van ongeregtigheid. [Want hoekom?] Want die HERE het die stem van my geween gehoor."

Die Here het vir Dawid gehoor, geliefdes. Hy wag nie meer nie. Die Here het tot hom gekeer. Die Here het deur Sy Gees hom verseker: maar Ek het jou gehoor, deur Sy woord en Sy Gees. Maar hoor mooi wat daar staan:

> "Want die HERE het die stem van my geween gehoor."

Dalk eers iets tersyde. Die stem van my geween, dit is so mooi. Hy het gehuil, hy het geween voor die Here en dit is soos 'n stem wat met die Here praat. Hy het nie woorde gesê nie, hy het gehuil. Maar dit was 'n stem wat voor die Here geklink het. U het die stem van my geween gehoor.

> "Die HERE het my smeking gehoor en hoor nou mooi: Die HERE neem my gebed aan."

Geliefdes, is dit nie die wonderlikste woorde wat ons kan hoor, die Here neem my gebed aan, Hy hoor dit nie net nie, Hy draai nie net sy gesig na ons toe nie, Hy neem dit aan, Hy maak dit

sy eie. Hoe doen Hy dit? Want dit is Sy Gees en Sy Seun wat dit voor hom bring.

Geliefdes, as ons tot die Here ween en ons smeek in die naam van onse Here Jesus Christus, wat doen Christus en die Gees? Hy neem ons gebede na die Vader en Hy hou dit voor asof dit Sy eie is. Die Vader vat dit, want dit is Sy Seun en Hy en Sy Seun is een. Ons moet in Christus wees.

Die laaste woorde:

"Al my vyande sal beskaamd staan en baie verskrik word; hulle sal in 'n oomblik beskaamd omdraai."

Die laaste vers eindig triomferend! Hulle wat Dawid se val gesoek het, hulle wat Dawid wou verstrik het, hulle moet omdraai en moet gaan want wat het gebeur? Hulle wou 'n wig tussen Dawid en sy God inslaan. Dit is wat die sonde wil doen, die sonde wil ons en God vervreem en Dawid het gesondig maar geliefdes, hy het na die genadetroon gevlug en dit is nie wat hulle wil hê nie, dit is nie wat die Satan wil hê nie, dat ons gaan en ons sonde bely en onsself onderwerp aan die heilige God nie, maar as ons dit doen en God ontferm hom oor ons, dan is dit hulle wat verskrik word. Dan is dit hulle wat beskaamd staan en nie meer ons nie. Dan is dit hulle wat moet omdraai en weggaan want hulle kan niks meer doen nie, want die sondaar is met sy God versoen, hy is nou 'n regverdige sondaar.

"Wie kan ons voor die Regter daag,
God se uitverkore kind verklaag?
Waar is die mond wat durf verdoem
As God sy kind regverdig noem?
Dit is Christus wat die skuld wou dra,
Die dood vir ons gesterf het ja,
Wat opgewek in glorie sit -
En altyddeur vir ons wil bid."

Geliefdes, vlug tot die Here in u dankbaarheid, in u krisisse, in u oortuiging van u sonde, ons is die grootste sondaars in hierdie wêreld. Gaan na Hom, Hy sal u nie verstoot nie!

Amen.

---oOo---